

16 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 43:14-44:23 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 44:6

Afgodery – die groot struikelblok

“So sê die HERE, jou Maker en jou Formeerder van die moederskoot af, wat jou help: Wees nie bevrees nie, Jakob, my kneg, en Jesúrun wat Ek uitverkies het! Wees nie verskrik nie, en moenie bewe nie! Het Ek jou dit nie lank tevore laat hoor en te kenne gegee nie? En julle is my getuies! Is daar 'n God buiten My?”

Israel, die dienskneg van die HERE, moet sy getuies wees. Helaas! Die groot struikelblok was egter nog altyd die afgodery – alreeds aan die voet van Sinai terwyl Moses nog op die berg was om die Verbondsboek te ontvang. In die geskiedenis hoor ons die refrein: “...die sondes van Jerobeam, die seun van Nebat, wat Israel laat sondig het”, telkens weer opklink. Dit is die hooforsaak van die Babiloniese ballingskap. In die ballingskap kom daar egter 'n keerpunt. Nou gaan die stem op teen die afgodery (vs 9-20).

Hoe kan dieselfde hout wat gebruik word vir 'n vuur en 'n oond 'n god wees? Israel moet hieroor nadink en ons ook. Getuig ons lewe nog daarvan dat ons net een God dien – die ware drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees? Of dien ons geld (wat devalueer), besittings (wat verweer), mense (wat teleurstel)? Dink aan die God wat met jou begin het. Hy is die enigste ware God! By Hom is daar almag en liefde.

Sing: Psalm 68:9

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)